CANSA
Cancer Association of South Africa

Research • Educate • Support

World Cancer Day
worldcancerday.org
FEBRUARY 4th

KRY DIE WAARHEID OOR KANKER

Mite 02

Kanker het geen tekens of simptome nie

Waarheid: Vir vele kankers is daar waarskuwingstekens en -simptome en die voordele van vroeë opsporing is onbetwisbaar

Erken tekens en simptome - dit is belangrik vir individue, gemeenskappe, gesondheidswerkers en beleidmakers om bewus te wees van, en onderrig te hê in, die erkenning van algemene tekens en simptome van kanker

WAARSKUWINGSTEKENS VIR KANKER IN VOLWASSENES

K nop of verdikking in ´n bors, testikel of elders

A anhoudende koors van onbekende oorsprong

N oemenswaardige en aanhoudende moegheid

K leur of grootte van ´n moesie of vrat wat verander

E rge en aanhoudende hoofpyn

R aaiselagtige heesheid en aanhoudende hoes

W isselende pyne in skelet of ander liggaamsdele

A ptyt wat afneem

A fskeidings wat ongewoon is

R esente verandering in werking van blaas of dermkanaal

S legte spysvertering wat voortduur

K neusplekke sonder gepaardgaande beserings

U itermatige en aanhoudende bleekheid

W ond wat nie wil genees nie

I nfeksie of inflammasie wat nie opklaar nie

N aarheid en braking waarvoor daar nie ´n verklaring is nie

G ewigsverlies wat nie verklaar kan word nie

Hierdie simptome kan veroorsaak word deur 'n ander gesondheids-probleem, maar as een of meer van hierdie simptome voortduur, raadpleeg jou dokter sonder versuim

WAARSKUWINGSTEKENS VAN KANKER TYDENS KINDERJARE

(Jonger as 15 jaar)

K oors van onbekende oorsprong

I nfeksies wat herhalend voorkom

N aarheid met of sonder braking

D ubbelvisie of wit kol agter pupil

E rge onverklaarbare moegheid

R aaiselagtige pyne in gewrigte, skelet, rug of bekken

K nop of massa wat skielik ontwikkel in die buik, nek of ander liggaamsdeel

A fskeidings wat ongewoon is

N oemenswaardige bleekheid wat voortduur

K neusplekke sonder gepaardgaande beserings

E rge en aanhoudende hoofpyn

R esente onverklaarbare gewigsverlies

Indien jy enigsins besorg is oor jou kind se simptome, verkry sonder versuim onmiddellike mediese hulp. Kinders met kanker moet die korrekte behandeling ontvang, verkieslik in ‘n pediatriese onkologie-eenheid

‘n Goue lint verteenwoordig alle kankers tydens kinderjare

Tolvry 0800 22 66 22 www.cansa.org.za